

OERWOUDVALK Nr. 5
die
Luiperdbende
A. P. du Plessis

# DIE LUIPERDBENDE

*deur*

**A. P. DU PLESSIS**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

# Die Luiperdbende

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van 1960 en geredigeer deur Marney van Ginkel.
Tweede uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

Die Luiperdbende
deur A.P. du Plessis

ISBN: 978-1-928498-44-5

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)

Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

In hierdie verhaal kry die Oerwoudvalk te doen met die gevreesde Luiperdbende. In opdrag van Kolonel Fleerackers, hoof van die Belgiese Veiligheidspolisie, word hy gevra om ondersoek te gaan instel na hulle bedrywighede en om dit te probeer vernietig.

Gou kom die Valk af op ’n plaas wat aangeval is deur die Luiperdbende. Hy ondek toe dat hulle die plaasmense se dogter ontvoer het en maak dit toe sy taak om haar te gaan red, voor sy geoffer word aan die Luiperdgod. In sy agtervolging kry die Oerwoudman onder andere te doen met ’n krokodil wat so byna byna sy lewe kos. Asof dit nie erg genoeg is nie, moet hy ook een van die natuur se gevaarlikste tropiese storms oorleef en dit is maar net die begin van al sy drama.

Die ontvoerde meisie se broer help later die Valk in sy soektog. Net wanneer die Valk en die nuwe hulp uit ’n onverwagte oord, hom help om sy suster te red, draai die noodlot teen hulle en beland hulle almal weer in die Luiperdmanne se mag. In die vesting van die Luiperdmanne kom die Valk weer aangesig tot aangesig met ’n ou bekende vyand van hom. Daar word die Valk in ’n put gegooi saam met drie luiperds. Gaan hy dit oorleef of is dit die einde van die Oerwoudman? Lees gerus die opwindende verhaal en vind self uit.

## UITTREKSEL

Agter die Valk spat die water in alle rigtings. Hy hoor die swaar tred van 'n krokodil tussen die waterplante. Dan is hy onder oorhangende takke wat naby die oewer groei. Slingerplante wat daarvan afhang wieg liggies in die wind. Die Valk gryp na 'n oorhangende tak, maar mis die naaste een. Hy probeer spring, maar die modder suig hom vas. Hy kyk angstig om en verbeel hom hy kan die oorwinning reeds in die krokodil se ogies sien, sy bloedlus en die gretigheid daarin om hom te verslind. Hy ruk sy een been los uit die klouende modder en trap vorentoe.

Hy vorder slegs vyf tree en sak dan weer diep weg in die modder. Sy hande tas naarstiglik bo sy kop rond. Sweet stroom hom af. Sy hele lyf is oortrek van opdrifsels, waterplante en modder. Dan gryp sy hande 'n bobbejaantou raak. Met bultende spiere trek hy daaraan. Sy voete lig uit die modder. Hy swaai los en vee met sy voete oor die water en waterplante. Die krokodil se bek klap agter hom toe en mis die Oerwoudman rakelings. Hy storm nog nader en weer klap sy bek toe, die keer mis hy die Valk met enkele millimeters...

# INHOUD

**HOOFSTUK**


1. Ontvoering

2. Die Luiperdmanne

3. Rita se Beproewing

4. Weer Vasgekeer

5. Gevaar in die Moeras

6. Eilande van Wraak

7. Die donker Sel

8. Na die Luiperdkuil

# 5. DIE LUIPERDBENDE

## Hoofstuk 1
## ONTVOERING

VERSIGTIG volg die Oerwoudvalk die ses vreemde figure op ’n afstand. Dit is donker in die oerwoud en hy is in sy agtervolging, feitlik geheel en al op sy gehoor aangewese.
Bo hom kraak en kreun die boomstamme in die wind, wat rukkend deur die digte woudgroei vleg. Ver weg klink die gekug van ’n alleen lopende luiperd mannetjie op.
Hoog bokant hom snel ligte veerwolkies onder die sterbesaaide uitspansel en die volmaan verby. Die volmaan wat sy bleek silwerlig oor die magtige woudlandskap strooi, maar nooit tot onder op die grond deurdring nie, behalwe in oop kolle, wat mens dan soos klein eilandjies in die oerwoud aantref.
In een so ’n oop kol gaan die ses figure staan. Stil sluip die Valk nader in die wildspaadjie en koes dan vinnig agter ’n boomstam weg. Die maanlig vou om die dierkoppe van die ses mans met hul gespikkelde mantels, wat tot by hul kuite reik en met kloue waar hul hande moet wees.
Die sestal gesels ’n ruk fluisterend met mekaar en hervat dan weer hul nagtelike tog verder deur die oerwoud. Soos ’n skaduwee volg die Valk hulle. Hy wonder waarheen die sluipers onderweg is, wat hul sending so belangrik ag, dat hulle selfs die nagtelike gevare van die oerwoud nou durf trotseer.
Teen middernag kom die ses weereens tot stilstand, hierdie keer aan die oewer van ’n breedvloeiende tropiese rivier.
Hier weifel die gemaskerdes nie lank nie. Twee sleep gou ’n uitgeholde boomstamskuit van êrens onder uit die

kreupelhout, stoot dit in die water en klouter in die vaartuig. Hul makkers volg dadelik.

As die Valk die oewer bereik, merk hy slegs nog die donker skaduwees op die maanverligte water, en hoor hy die ligte geraas van roeispane, wat baie versigtig hanteer word om nie onnodig aandag te trek nie.

’n Frons keep diep in die Oerwoudman se voorkop as hy die donker bootjie se vaart na die ander kant van die rivier volg. Driehonderd tree verder merk hy die donker woudgroei, wat die oorkant van die rivier aandui. ’n Paar myl verder is die groteske buitelyne van ’n heuwel teen die ligter hemelgewelf afgeëts.

Die Valk wonder wat sy volgende stap moet wees. Hy volg al reeds die gemaskerde figure vir myle ver deur die oerwoud. As hy nie gou ’n plan prakseer nie, gaan hulle hom minstens tydelik ontwyk.

Hy stap vorentoe, vertoef ’n wyle aan die waterkant en stap dan die water binne. Hy vrees hier geen aanval deur krokodille nie, aangesien hy uit ondervinding weet dat hul geliefkoosde jagtyd net voor sononder en net na sonop is. ’n Honger krokodil sal egter ook in die middel van die dag sy prooi bekruip, maar uiters selde in die nag.

Die Oerwoudman moet feitlik onmiddellik swem. Die water is gelukkig lou en vloei redelik sterk. Versigtig, om so min geraas as moontlik te maak, beweeg die Valk vorentoe. Hy kan die bootjie glad nie meer sien nie en vermoed dat dit reeds die oorkant bereik het.

As hy eindelik die plek bereik waar hy die bootjie in die skadu sien verdwyn het, verwyl die Valk geruime tyd in die donker water, terwyl hy fyn luister of hy nie die sestal dalk iewers kan hoor nie. Maar afgesien van die nag se gewone

geluide, is dit betreklik stil. Versigtig swem hy verder tot teen die kant, woel stadig tussen die riete en waterplante deur en gly-kruip dan uit die water.
Sy oë gly van die een donker voorwerp na die ander, maar niks van belang wek sy aandag nie. Hy wil net verder vorentoe beweeg, toe hy oor 'n voorwerp op die grond voor hom struikel en dan hard met die grond kennis maak. Soos blits is hy weer dadelik op sy voete, jagmes gereed. Met sy een hand tas hy vinnig voor hom rond. Hy vind 'n skurwe voorwerp, voel verder en besluit dat dit die gemaskerdes se boot is. Hulle is dus weer die oerwoud in. Maar waarheen? Die Oerwoudman besef dat hy in sy versigtige oorvaart hy kosbare minute verloor het. Selfs vir hom, woudkind wat hy is, is dit uiters moeilik om 'n spoor in hierdie Egiptiese duisternis en ook van enige ander woud te volg.
Sy oë soek na 'n donkerder kol in die oerwoud, wat moontlik 'n woudpaadjie kan aandui. Met gespitste ore stap hy stadig in 'n halfmaan om die bootjie. Dan gaan hy staan. Ver voor hom klink die snork van 'n bosbok op en net daarna die geluid van vlugtende pote.
Die Valk glimlag stil Die vlugtende bok het so pas die gemaskerdes se posisie verraai.
Hy begin dadelik aanstryk in die betrokke rigting en beland later in 'n smal wildspaadjie. So vinnig soos die duisternis hom toelaat, drafstap hy met die paadjie langs.
Die terrein raak later meer gebroke, die plantegroei laer en yler en plek-plek gaan dit deur groot, maanbeligte kolle. Nog later besef die Valk dat hy hom teen 'n helling bevind. Hy onthou die donker buitelyne wat hy vroeër die aand teen die uitspansel gesien het en reken dat hy hom tans teen die betrokke heuwel bevind.

’n Afrollende klip laat die Valk haastig opkyk, net betyds om die laaste van die gemaskerdes teen die sterre te sien, voordat hy uit sy gesigsveld verdwyn.
Daar is ’n ligte versnelling in die Oerwoudman se hartklop. Hy is sonder twyfel nog op die regte spoor. Hy versnel sy pas effens en as hy die ronding bereik, waar hy die man ’n rukkie tevore gesien het, merk hy hulle weer op. Hierdie keer digby die kruin, maar ’n goeie honderd tree verder. Regs van hom merk hy bewerkte landerye. Onmiddellik om hom en verder voor hom is die helling feitlik heeltemal vry van bome, slegs lae struike vorm hier en daar donkerder vlekke.
Die Valk wonder watter inboorlingstam hier sou woon. Die landerye en die gebrek aan bome is vir hom ’n duidelike bewys dat ’n inboorlingstat nou naby moet wees, moontlik op die heuwel waar dit koeler en waarskynlik ook vry van muskiete is.
Hierdie deel van die Belgiese Kongo is vir hom egter vreemd. Hy het hierheen gekom op versoek van sy ou vriend, Kolonel Melt Fleerackers, hoof van die Belgiese Veiligheidspolisie, in beheer van die uitgestrekte woudland.
Die Valk versuim nog ’n rukkie. Hy is oortuig daarvan dat die ses gemaskerdes hul verblyfplek bereik het. Dit was immers vir hom van die begin af duidelik dat hulle oor bekende terrein beweeg. Hulle het selfs die bootjie op ’n plek versteek waar hulle dit maklik kon kry. Daarna het hulle hul tog deur die donker woud voortgesit asof hulle die omgewing deeglik ken.
Hy dink nou weer terug aan sy en Kolonel Fleerackers se jongste ontmoeting, ’n paar weke gelede in Stanleystad, waar bloedige stam oorloë tussen die inboorlinge los gebars het.
“Dit lyk my of die hele Afrika ’n kookpot geword het,” het

die bruingebrande speurhoof aan hom gesê. “Oral is daar uitbarstings, een van die jongstes is in die omgewing van Stanleystad”. Hy het diep aan sy sigaar gesuig en vervolg.
“Ons het bloot net nie genoeg mense om te doen wat ons moet doen nie”. Hulle het in die trant voort gesels totdat Kolonel Fleerackers eensklaps op gehou en bespiegelend na sy half naakte vriend gekyk het. “Weet jy wat dink ek nou?” het hy gevra. “Ek dink jy is net die regte man om ondersoek te gaan instel na die gerugte van die Luiperdmanne, wat weer bedrywig geraak het naby die Leopold-meer.
Sowat tien jaar gelede het my voorganger met ’n sterk gewapende mag hulle uitmekaar gejaag en hul leiers gevang...” Juis op daardie oomblik het ’n swart soldaat aan die deur geklop en flink gesalueer toe Fleerackers hom gelas om binne te kom. Hy het ’n stuk papier aan die Kolonel oorhandig, gesalueer en toe weer uit gestap. Kolonel Fleerackers het die boodskap deur gelees en dit toe opgewonde na die Valk uit gehou. “Lees dit,” het hy gesê en weer ’n sigaar aan gesteek.
Die Valk het die telegram gelees. “Luiperdmanne het weer toegeslaan, ongeveer honderd myl suidoos van die Leopold-meer. Het stamhoof gruwelik vermoor en stat geplunder. Raak oor steeds groter gebied bedrywig. Is magteloos om teen hulle op te tree. Groete. Sers. Jaspers”.
Die Valk en Kolonel Fleerackers het mekaar eers etlike sekondes swygend aangekyk, voordat die Oerwoudman opgemerk het. “Dit lyk nogal ernstig Kolonel. Ek sal kyk wat ek kan doen...”
En nou is hy hier teen die heuwel nadat hy ses van die Luiperdmanne myle ver agtervolg het. Eintlik het hy heel toevallig op hulle afgekom en onmiddellik besluit om hulle te

volg, in die hoop dat hulle hom onwetend na hul luiperdvesting sal kan lei.
Die Valk sug diep en wou die heuwel net verder uitklouter, toe 'n lang uitgerekte gil, gevolg deur 'n geweerskoot, hom in sy spore laat vassteek. Dan begin hy hardloop in die rigting van die steurnis.
Nog 'n geweerskoot knal. Daarna is dit 'n rukkie grafstil, voordat uitroepe en 'n onaardse lawaai op die heuwel voor hom losbars.
Terwyl die Valk met lang treë teen die helling opnael, besef hy met 'n beklemmende gemoed dat hy hom deeglik misgis het. Hy het gedink dat die Luiperdmanne na 'n inboorlingstat gekom het. Maar die geweerskote laat hom dink dat dit moontlik 'n blanke plaas kan wees. En hy kon die treurspel wat tien teen een daar bo afgespeel het, verhoed het, as hy nie oorgerus was en 'n verkeerde afleiding gemaak het nie. Dan is hy op die rug van die heuwel. Voor hom is 'n groot woonhuis in die flou maanlig sigbaar. Struike en bome groei rondom die huis. Oral hardloop donker figure rond. In sommige se hande merk hy die blink glinstering van spieslemme. Hier en daar het iemand 'n fakkel in die hand. Daar word aan 'n deur gebeur en 'n rukkie later sien hy lig deur 'n venster syfer.
Die Valk bereik gou die huis se voorstoep. Hy stoot vir hom 'n pad oop tussen die halfnaakte inboorlinge wat daar saam drom. Voor hom raas stemme en hy hoor uitroepe van "Die Luiperdmanne!" Dit word 'n refrein wat gou deur almal herhaal word. Oë rol groot in hul swart oogkaste rond en soek bang tussen die struike, na die gevreesde vyand. Kleingoed skarrel tussen hul vaders en moeders in, terwyl die inboorlingmans hul spiese vaster gryp...

Die Oerwoudman loop deur die huis en bevind hom later in 'n slaapkamer. Twee inboorlingmans is voor hom. In die fakkel se lig merk hy 'n vrou op wat in 'n groot plas bloed lê. Haar nagklere is verskeur en lang bloedhale lê oor haar gesig en bors. Sy is blykbaar reeds dood.

Eenkant sit 'n blanke man in 'n stoel. 'n Stuk van sy kopvel hang oor sy hand en probeer hy die bloed daarmee stop. Langs hom lê 'n geweer. Die Valk stamp die twee inboorlinge uit sy pad en snel na die man toe. Hy tel hom in sy arms op en lê hom op die bebloede bed neer.

"Waar is die huisbediende?" vra die Valk aan die inboorlinge.

"Hier, my basie," kom die bang stem van 'n gesette inboorlingvrou.

"Gaan maak dadelik warm water en bring handdoeke en verbande, as hier is". Die gesette inboorlingvrou gehoorsaam onmiddellik. Die Valk hoor haar geween nie eens nie. "Hoe ver is die geneesheer?" vra die Valk aan die inboorlingmans by hom.

Hulle beduie met gebare en hy reken daarvolgens dat dit 'n halfdag te voet is.

"Is hier 'n telefoon?" Een van die inboorlinge knik. Hy beduie waar dit is en die Valk draf daarheen. Dit duur geruime tyd voordat hy die slaperige stem van die geneesheer hoor. Hy beduie gou in 'n paar woorde wat gebeur het, roep in die gang af om te hoor wat die blanke se van is en verstrek die inligting aan die geneesheer, wat nou wawyd wakker is.

Intussen gelas die Valk die inboorlinge in die huis om uit te gaan. "Sê vir jul vroue en kleingoed dat die gevaar verby is en dat hulle weer kan gaan slaap," gelas die Valk die twee inboorlingmans naby hom.

Hy buk oor die blanke, juis toe die inboorlingvrou met die water en handdoeke opdaag. Haastig werk hy. Die wond aan die man se kop lyk lelik en bloei nog steeds. Die man is bewusteloos, sy gelaat bleek en sy asemhaling swak. Sy slaapklere is verskeur en die Valk merk ligte skraap plekke op plekke aan sy lyf. Hy het reeds vas gestel dat die vrou dood is en het haar lyk met 'n laken bedek.

"Die kleinmies... sy is weg. Sy was hier," beduie die inboorlingvrou.

"Die kleinmies?" die Valk kyk haastig op.

"Die dogter van baas Leggio..."

Terwyl die Valk die wonde ontsmet en skoon maak, beveel hy. "Kyk solank in die ander kamers of sy nie dalk daar is nie. Sê die mans moet buite soek as jy haar nie binne kry nie".

"Sy is nie in die huis nie. Ek het klaar gekyk".

"Soek dan buite," beveel die Valk. Die inboorlingvrou waggel by die deur uit.

Die Oerwoudman verbind die wond so goed hy kan. Rooi bloed stroom stadig deur die verbande. Hy bind dit stywer en laat die man gemaklik lê. Meer kan hy op die oomblik nie vir hom doen nie.

Juis op daardie oomblik klink 'n opgewonde geskreeu van buite die venster op. Die Valk draf nader en leun by die venster uit. Voor hom, in 'n blom bedding, staan twee inboorlingmans met fakkels. Aan hul voete lê iemand in 'n luiperdmantel gehul en met 'n luiperdmasker oor sy kop. Die Valk wip deur die venster en buk by die gemaskerde. Hy ruk die luiperdvelmantel af en merk 'n fors geboude inboorling. Deur sy bors is 'n groot gat waar die geweer se koeël hom dodelik getref het. Aan sy hande is die voorpoot en kloue

van 'n luiperd vas gemaak. Sy luiperdmasker lyk skrikwekkend in die fakkels se lig.
"Hy is dood," sê die Valk. Vir die eerste keer merk hy die vrees in die inboorlingmans.
"Wat is dit nou?" wil hy weet.
"My baas, die Luiperdmanne gaan boos wees as hulle hoor dat een van hulle dood is. Ons is nie meer hier veilig nie. Ons gaan nou hier pad gee". Die inboorling wil dadelik woord by daad voeg, maar die Valk kry hom aan die skouer beet en ruk hom om. "Jy bly waar jy is. Die Luiperdmanne het te ver gegaan. Hul straf sal verskriklik wees".
Die inboorling wil hom teensit, maar die Valk lig hom met gemak bokant sy kop uit en skud hom dan 'n paar keer rond, soos 'n nat lap.
"Vrees julle die Luiperdmanne, die sluipers wat soos wolwe in die nag rond loop en soos lafaards aanval, wanneer ander slaap? Dapper manne wat nie die harte van vroue en kinders in hulle omdra nie, behoort hulle te verag en te verfoei..." Hy los die inboorling, uit wie die veglus nou heeltemal verdwyn het.
"Wie is jy, witman, wat so van die Luiperdmanne kan praat? Jy wat nie eens klere soos die witman dra en ook nie 'n geweer het nie?"
"Ek is die Valkgod van die oerwoud. Ek verpletter lafaards soos die Luiperdmanne. Ek beskerm die wat in vrede wil leef teen wolwe, wat in die nag aas en dan weg vlug as die leeu hom omdraai".
Die inboorlinge kyk mekaar nou grootoog aan. Meer van hulle het intussen nader gestaan en fluister nou onder mekaar. "Die Valkgod!" Hoewel hulle die Oerwoudvalk nog nooit gesien het nie, het hulle wel al van hom gehoor. Tewens,

daar is min inboorlingstamme in die Kongo-woud wat nog nie van die vreemde blanke gehoor het, wat soos ’n aap deur die bome swaai nie.

Uit die kamer sê die gesette inboorlingvrou. “Kleinmies Rita is weg. Die Luiperdmanne het haar seker gevat”. Sy begin luid snik.

Die Valk wend hom weer tot die inboorlingmans. “Julle bly hier. Die Luiperdmanne het gekry wat hulle gesoek het. Hulle sal nie weer hierheen terug kom nie”.

Hy spring rats deur die venster, waar ’n druklamp intussen deur die inboorlingvrou aangesteek is. Die blanke man lê nog steeds stil. ’n Vlugtige ondersoek sê aan die Valk dat die wond nie meer bloei nie. Sy hartklop is baie flou en die Oerwoudman weet dat dit weke sal duur voordat die arme man weer mens sal wees, as hy nie intussen beswyk nie.

Ongeduldig wag hy dat die geneesheer moet kom. Hy moet die Luiperdmanne so spoedig moontlik inhaal en die meisie uit hul kloue probeer red... Maar dit duur nog ’n goeie driekwartier voordat die geneesheer se motor voor die huis stilhou. Die Valk stel homself voor en beduie inderhaas wat plaas gevind het. Saam stap hulle na die kamer waar die geneesheer dadelik aan die werk spring. Hy kyk na die oorlede vrou en fluister. “Arme Mathilde. Sy en Frank was sulke groot maats”.

Hy vloek kliphard as hy die Luiperdmanne se naam noem en sê. “Die peste word darem nou te astrant. Hulle het Rita ontvoer, sê jy?” Hy kyk vraend na die Valk.

“Ek vermoed so”.

“Waar is klein Frank?” vra die geneesheer.

“Klein Frank?”

“Frank se seun,” sê die geneesheer.

“Nog glad nie gesien nie. Die bediende het ook niks van hom gepraat nie”. Hy roep na die inboorlingvrou wat tee in die kombuis maak en die geneesheer stel dieselfde vraag aan haar.
“O, die kleinbasie? Hy is met die skuit weg na Kutu. Die baas het hom gestuur...”
Sy beduie dat hy vier dae gelede weg is en die geneesheer sê. “Hy kan dus oor ’n dag of twee terug wees met daardie vinnige motorboot van hom. Ons hoop nie hy word vertraag nie, want hy sal sy vader moet kom oppas. Ek kan hom nie in sy huidige toestand oor hierdie slegte paaie vervoer nie”.
Met vaardige hande maak hy die wond aan Frank Leggio se kop weer skoon, werk die wond toe en verbind dit. Hy raak daarna met die kleiner wonde doenig.
“Nou vir ’n bloedoortapping,” sê hy dan. “Frank se eie bloed wat hy verlede week nog gelaat het. Dit is maar aan die min kant, maar behoort darem baie te help”.
Die inboorlingvrou kom binne met die tee en die twee drink dit eers voordat die geneesheer verder gaan. Die Valk beduie dat hy haastig is om die Luiperdmanne agterna te sit en Rita te probeer red.
“Jy kan maar gaan,” sê die geneesheer. “Ek sal hier die nodige reëlings tref en probeer om met sy seun in verbinding te kom”. Die twee groet en die Valk verdwyn na buite.
Buite is dit steeds stikdonker. Die maan het verdwyn en die Valk skat dat dit binne ’n uur sal begin lig word. Daar is nou geen sprake van spoorsny nie en hy besluit om na die rivier koers te kry.
Terwyl hy met die heuwelhang afdaal, tref dit hom dat hy na die aanval op die Leggio’s, niemand aan hierdie kant van die heuwel gesien vlug het nie. Die moontlikheid is natuurlik nie

uitgesluit, dat die Luiperdmanne met ’n omweg moes vlug, nadat hulle hul taak volvoer het nie. Hy bly dus na die rivier aanstryk.
Dit is nog donker as hy die oewer bereik, maar die lug het reeds ’n gryserige kleur aangeneem. Hy soek na waar hy die skuit vroeër die nag voel lê het, maar dit lê nie meer op dieselfde plek nie.
“My vermoede was dus reg,” mompel hy hardop. “Hulle kon weer die rivier oorgesteek het, of hulle kon stroomop of stroomaf gevlug het. Die vraag is watter van die drie rigtings het hulle ingeslaan?”
Hy besluit om die rivier oor te steek terwyl dit nog donker is en daar minder gevaar is dat hy deur krokodille lastig geval sal word. As hy druipnat die oorkant bereik, is dit reeds effens ligter. ’n Vlugtige ondersoek toon dat die skuit nie hier teen die oewer uitgesleep is nie. Daar is ook geen vars spore nie, behalwe die van twee jakkalse wat hier water gedrink het. Die Luiperdmanne volg dus die rivier of het op ’n ander plek aan wal gestap. Op die ingewing van die oomblik besluit die Valk om stroomop te beweeg. Die rivier vloei min of meer in ’n westelike rigting en is waarskynlik ’n sytak van die Kasai-rivier. Die Valk twyfel of hulle in daardie rigting sou vlug. Hy hys hom teen ’n bobbejaantou op en begin deur die bome swaai. Oral om hom in die oerwoud begin stadig lewe kom. Veelkleurige voëls sing uit volle bors, groot aaptroppe sketter en spring van tak tot tak en iewers brul ’n leeumannetjie, voor hy hom weer ter ruste begeef. Onder hom vly ’n luiperd hom op ’n breë tak neer en grom vir die swaaiende Valk en ’n groot papegaai vreet aan ’n stamvrug naby hom.
Die Valk swaai laag deur die oerwoud, al met die rivier langs.

Soms beweeg hy regoor die water, terwyl sy wakker oë na 'n eensame houtskuit soek. Hy besef egter dat die Luiperdmanne met hul gevangene, 'n goeie voorsprong van etlike ure oor hom het en dat sy vermoede oor die rigting wat hulle in geslaan het, moontlik verkeerd kan wees. Die Valk twyfel egter vir geen oomblik daaraan dat die meisie deur hulle ontvoer is en wel nog leef nie.

'n Rukkie later trek die gejoel van inboorlingstemme sy aandag. Hy beweeg nader en vind 'n klein inboorlingstat digby die rivier se oewer. Naakte kinders hardloop in die stat se opening in die oerwoud rond, terwyl halfnaakte mans in die paalbeskutte stat rond luier. 'n Woudpaadjie strek onder hom verby, reguit in die rigting van die rivier. 'n Tiental inboorlingmans stap met 'n groot visnet op hul skouers, met die betrokke woudpaadjie langs, rivier toe.

'n Aantal vure stoot digte rookwolke die oggendlug in. 'n Agterlike stat die, dink die Valk terwyl hy na die lae hutte van tak en klei en die vuilheid daarvan kyk. Sy oë soek tussen die mans en vroue rond, maar sien niemand wat na 'n Luiperdman lyk nie. Hy volg die tiental inboorlinge en tref hulle langs die oewer aan, waar hulle gereed maak om die nuwe net in die water te span.

Ander inboorlinge is besig om die nag se nette te ondersoek. Op die oewer spartel 'n klompie vis op die droë grond rond.

Die Valk spring op die grond neer. Onmiddellik daarna volg paniekerige uitroepe. Inboorlinge gryp na hul lang kapmesse en neem 'n dreigende houding voor hom in. Die Valk lig sy hand omhoog en sê in Swahili "Ek kom in vrede".

"Wie is jy wat soos 'n witman lyk, maar nie sy klere dra nie?" vra 'n fors geboude inboorling.

"Ek is die Valkgod. Ek soek na vyf mans wat met 'n wit

vrou vroeg vanoggend hier verby is. Hulle reis met ’n skuit van ’n uitgeholde boomstam”.
“Ons ken die Valkgod nie,” sê die inboorling. “Het jy gekom om ons van ons viswaters te beroof?” Agter hom roer ’n jong inboorling. Hy fluister vir sy maat.
“Aah,” sê die Valk. “Ek sien dat die mense wat ek soek wel hier verby is. Miskien weet die jongman daar agter ook dat hulle Luiperdmanne is en dat die Valkgod op hul spoor is...”
Hierdie woorde bring dadelik ’n geskokte stilte. Die fors inboorling kyk verskrik om hom heen en dan spat die hele klomp uit mekaar. ’n Rukkie later is die Valk alleen. Voor hom lê die nuwe net met visse wat nog steeds flou spartel, ’n lang kapmes en ’n spies. Die Valk glimlag by homself.
“Arme mense,” dink hy. “Hulle het ’n doodse vrees vir die Luiperdmanne...” Dit laat ’n nuwe gedagte by hom ontstaan. Hoe wonder hoe sterk is die Luiperdmanne se invloed reeds op die bygelowige inboorlinge in die omgewing? Hy moet dit probeer vasstel sodra hy Rita uit hul kloue verlos het.
Met nuwe moed hervat hy sy tog. ’n Myl verder versuim hy om ’n paar wilde vrugte te eet wat hy raaksien. Het hy sedert die vorige oggend nog niks geëet nie en die vorige nag niks geslaap nie, maar dit ontstel hom nie veel nie. Hy is nou warm op die Luiperdmanne se spoor en dit is al wat saak maak, dink hy...